# Lesing 05.04.2018 - DEEL 10 - Dogter van Sion - Is daar nog so `n huis in die RSA?

## Die Bloedrivier Stigting en die Broederbond

Sommige van u is bewus van die feit dat die Dogter van Sion hul laaste Geloftefees op die Bloedrivier terrein gehou het gedurende 16 Desember 2001. Binne drie maande na hierdie Geloftefees is ons lede deur `n Hooggeregshofbevel van die hooggeregshof in Pietermaritzburg verbied om ooit weer ons voete op hierdie gewyde terrein te sit, waar ook ons voorouers in 1838 geveg het. Hierdie hofbevel is geloods deur die voorsitter van die Bloedrivierstigting, Hennie de Wet, direksielid van die Broederbond. Wat egter skokkend was, was dat die direksie van die Bloedrivierstigting, EENPARIG die uitsettingsbevel gesteun het. Onder hulle tel daar sogenaamde regses van die volk. Die name van die direksielede was as volg: Mnr HC de Wet, Mev Anna Boshoff (dogter van HF Verwoerd) Van die redes wat aangegee was, was dat ons die terrein "gestigmatiseer" het met ons embleem, naamlik die Vierkleurvlag met die Naam JaHWeH op die wit baan geverf. Gedurende daardie laaste fees is 64 van hierdie vlae met Sy Naam met onbeheerste geweld van die 64 waens afgeruk deur die lede van die Bloedrivier-stigting en selfs met hulle voertuie in die modder ingetrap.

`n Ander vername rede was die aanbieding van Die Boek van Herinnering op hierdie terrein. In ellelange pleitverduidelikings is daar in die hofstukke tot vervelens toe aangehaal uit die Boek van Herinnering. Sien uittreksels uit die hofbevel in **Aanhangsel A**.

Daar is op `n slinkse wyse `n hofbevel bekom om ons van die terrein af te gooi, sonder dat ons voortydig daarop kon reageer. Die Broederbond het met hulle onderduimse gekonkel onder `n sekere wetsartikel `n uitsettingsbevel gekry omdat ons kwansuis lewens-gevaarlik was en dat ons in landsbelang van die terrein verwyder moes word. In die jaar 2002 is alle leisels van die Bloedrivierstigting oorhandig aan die Voortrekkermonumente kommissie onder leiding van die Broederbonder en militêre pensionaris, Generaal Gert Opperman.

Die Dogter van Sion het etlike vergaderings met hom in sy kantore gehad, maar hy en sy direksie wou geen toegewings maak om die Dogter van Sion weer op die terrein van Bloedrivier toe te laat nie. Hulle het volstrek geweier, selfs nadat ons onderneem het om alle reëls wat hulle neergelê het, te eerbiedig.

Die 16 Desember 2002 Geloftefees, met dominee Mossie van den Bergh as hoofspreker, het toe voortgegaan sonder die teenwoordigheid van die - volgens hulle - rebelse ketters, die Dogter van Sion. Hulle was tevrede dat die Nuwe Vertaling daar geheers het en nie die Boek van Herinnering nie. Die - vir hulle - haatlike Naam van JaHWeH was nie op terrein nie en hulle Here kon ongestoord aanbid word. Hulle het die genoegdoening gesmaak dat hulle die ketters op hulle plek gesit het. Ek is persoonlik ge-waarsku, dat sou ek my voete daardie dag op daardie terrein sit, ek onmiddellik gearresteer sou word.

U sien, dit sou alles nie so baie saak gemaak het as ons verkeerd en in eie belang op Bloedrivier opgetree het . Die Dogter van Sion het egter jaarliks vanaf 1998 met die edelste bedoelinge na hierdie terrein gegaan om die Gelofte af te lê. Ons het onsself elke keer met vas en gebed verootmoedig en het vir ons verdrukte volk, wat hulleself onder die verdrukker se juk bevind het, ingetree.

Verder het ons onderneem om `n gesuiwerde Woord, sonder die suurdeeg van die fariseërs daar te stel en dit vir die verdwaalde volk te gee, sodat hulle hoofsaaklik die Vader se regte Naam, die Seun se regte Naam en die wegvertaalde beginsels van wetsonder-houding en apaeid daaruit kon lees en daaruit kon leer om Hom te aanbid en te dien soos wat Hy gedien wil word.

Op 16 Desember 2000 verskyn die wonderlikste lig oor hierdie terrein en almal wat sover die foto's gesien het wat die dag geneem was, was verstom. Daar was geen twyfel nie, JaHWeH was daardie dag daar teenwoordig, sodat ons saam kon uitroep; JaHWeH Shammah!! (**Esegiël 48:35**).

Op 16 Desember 2001 begin ons ons verrigtinge om 3h30 die oggend, juis om nie te bots met die Bloedrivierstigting se eie program nie. Daardie oggend kom die mees wonderlikste misbank en omvou die terrein buite die laer net soos 163 jaar gelede. Binne die laer was dit helder en droog. Later daardie oggend verskyn die pragtigste misboog oor ons laer, so naby dat `n mens aan die punt daarvan kon vat! Dit was net hierna dat die direksie van die Bloedrivierstigting die vlae met die Naam van JaHWeH in die modder ingetrap het!

Presies eenhonderd dae later is ons van die terrein afgesit, te midde van `n verootmoedigings- en gebedsessie, waar ons soggens, voordat die toeriste daar kon inkom, `n diens in die laer gehou het en na sesuur in die aand weer `n diens in die laer gehou het. Geen baniere nie, geen snaakse dinge nie, net `n paar mans, en soms ook vrouens, wat elke oggend en elke aand getrou die Vader in die Hemele afgesmeek het dat Hy nie Sy volk moet verlaat nie en dat Hy medelye aan Sy volk moet betoon.

Daarvoor is ons beloon met die vernedering om soos sleg honde voor die hele land se televisiekykers deur `n buffelagtige blanke balju van ons voorvaders se terrein verjaag te word. Onder `n geskreeu en `n gedreig het ons ons tente en karavane opgepak en die lang pad Pretoria toe aangepak, wetende dat die stryd teen die swart oorheersing en kommuniste niks in vergelyking sal wees met die stryd wat op ons sou wag teen ons eie mense se leiers nie.